Weekbrief 24/2019

8 Augustus 2019

GESTIG 1870

HOëRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

Posbus 22, PORTERVILLE, 6810
TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za

INTERSKOLE 2019

Maandag, 12 Augustus : Trek skooldrag aan en stel iets van Bastiaanse voor.
Tema: Alien
(Bv. glitter in gesig of hare of Alien grimering of maak iets wat blink van aluminiumfoelie).

Dinsdag, 13 Augustus : Trek skooldrag aan en stel iets van McLean voor.
Tema: Afrika
(Bv. Kierie of serpe of kopdoeke of verfkolletjies op jou gesig)

Woensdag, 14 Augustus : Trek skooldrag aan en stel iets van Pienaar voor.
Tema: Boks
(Bv. Japon of handskoene of mondskerm of kopskerm)

Donderdag, 15 Augustus : "Bulle dag" - Jean en Rugbytrui

Vrydag, 16 Augustus : Volle wintersdrag met skoolbaadjie
(nie matriekbaadjie nie)

Ons **tema vir** 2019 is **"Boks".**

Op die **"Bulle dag" mag** 'n leerder **nie 'n rugby trui** van die **O/13A** en **O/19A rugbyspan dra nie.** Leerders **mag** ook **nie 'n rugby trui** van die **vorige jare** se **O/13A en O/19A spanne dra nie.**

DONDERDAG, 15 AUGUSTUS: "BIG BRAG"

Ons eie **"GROOT BRAG"** vind op Donderdag, 15 Augustus 2019 om 11:30-14:00 in ons skoolsaal plaas. Ouers is baie welkom om hierdie geleentheid by te woon. Daar is egter beperkte ruimte in die skoolsaal.

Die Interskole Groot Brag saam met Piketberg vind plaas op die aand van die 15 de Augustus om 19:00 in die skoolsaal op Piketberg.

*Hierdie geleentheid is net vir ons leerders.
Geen ouers nie, as gevolg van beperkte ruimte in die saal.

*Die Top-10 Netbal en die O/19A Rugbyspan trek spandrag aan.
*Die O/13 Netbalspan trek wintersdrag (skoolklere) aan.
*Die O/13 Rugbyspan trek 'n skoollangbroek, das en skooltrui aan.
*Alle ander leerders trek winterskoolklere aan.
*Geen leerder mag met sy eie motor na die "Big Brag" toe ry nie.
*Die bus vertrek om 18:30 VANAF DIE HOëRSKOOL.

REKORDEKSAMEN & TOETSREEKS AUGUSTUS/SEPTEMBER 2019

Die toetsreeks neem in aanvang op Maandag, 2 September en eindig op Dinsdag, 17 September vir graad 7-11.

Die Graad 12 Rekordeksamen neem amptelik in aanvang op Woensdag, 28 Augustus en eindig op Dinsdag, 17 September. Die Eksterne Verbruikerstudie prakties het reeds dié week, Donderdag 1 Augustus plaasgevind. Die Tale se Eksterne Mondelinge vind op Donderdag, 8 Augustus plaas. Graad 12 RTT VI en Graad 12 Besigheidstudie vraestelle word op onderskeidelik Woensdag, 21 Augustus (08:00-11:00) en Dinsdag, 27 Augustus (08:00-11:00) afgelê.

SKOOLURE tydens die toetsreeks 07:30-14:00.
Geen Religie tydens toetsreeks nie.
GEEN Algemene Kennis gedurende Toetsreeks.
Afsluiting: Vrydag 20 September

SPESIALE SAALBYEENKOMS: WOENSDAG, 28 Augustus 2019
Bekendmaking van nuwe VRL 2019/2020

CAPPING-GESELLIGHEID

Gedurende hierdie geleentheid word ons eerste spanne aan ouers, familie en vriende bekend gestel. Die spelers word deur die ouers "gecap". 'n Ligte aandete saam met wyn sal bedien word.

DATUM	:	13 Augustus 2019
PLEK	:	Hoërskool Skoolsaal
TYD	:	18:30
BEDRAG	:	R80 p/p



Kaartjies is beskikbaar by die O/13A en O/19A Rugby– en Netbalspelers, asook by Elna Lombard by HSP se Ontvangs.

MATRIEKSERTIFIKATE 2018 / JUNIE 2019 UITSLAE

Die volgende matrieksertifikate moet nog afgehaal word:

Elsa Basson, Lee Andrea de Bruin, Meryl Ann Ficks, Lida Gous, Chanté Jonas, Janno Louwrens, Louis Odendaal, Cayleigh Otto, Daylan Rose, Sabrina September, Dawid Smit, Stefan Steyn, Arther-Jay Valentyn, & Elizemare Motswasele.

Versprei asseblief die woord sodat genoemde sertifikate afgehaal kan word.

Baie dankie vir almal se samewerking!!

JUNIE 2019 UITSLAE

Tamika Daniëls

Lee-Andrea de Bruin

Marquin Dirks